ORANJENUUS 2017/2
11 Oktober 2017

Oranjekas wil minstens een keer per jaar by wyse van **Oranjenuus** met sy lede kommunikeer. Dit gaan goed met Oranjekas en daar is baie om voor dankbaar te wees vir hierdie koöperatiewe instansie wat agt jaar gelede in geloof aangepak is.

Sewende Algemene Jaarvergadering 2017

Oranjekas se sewende Algemene Jaarvergadering het op 29 Julie 2017 plaasgevind. Die vergadering was soos gewoonlik op gepaste wyse geopen en goed bygewoon met die grootste getal lede tot datum. Die opbouende besprekings deur lede was weereens bewys van hulle vertroue en lojale ondersteuning.

Tydens die vergadering was die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2017 voorgelê en goedgekeur. Die kredietverslag was ook voorgelê en bespreek.

Daar is weereens 'n beroep op lede gedoen om die korttermynversekering, wat Kasfin as makelaars verskaf, te ondersteun aangesien die lede deur hulle aandeelhouding in Oranjekas ook die eienaar van Kasfin is.

Oranjekas se debietkaart kan plaaslik en internasionaal gebruik word, aangesien dit 'n "MasterCard" produk is; diè besondere voordele is weereens onder lede se aandag gebring met die oproep om dit te ondersteun sodat dit verder uitgebou kan word.

Tydens die AJV het 'n lid voorgestel dat daar 'n beroep op lede gedoen moet word om elkeen maandeliks minstens R100 se bykomende aandele te koop. Dit is 'n vrywillige deelname.

Aandelekapitaal

Ten uitvoering van die AJV se besluit is lede telefonies gekontak en meer as 150 lede het reeds ingestem om die saak te ondersteun. Die lede wat nie kon bydrae nie het ook hulle lojale ondersteuning teenoor Oranjekas uitgespreek en belowe om by te dra sodra dit moontlik is.

Die bykomende aandele sal Oranjekas se aandelekapitaal-basis bevorder wat toekomstige groei sal versterk. Die bydraes wat van lede ontvang word sal tot voordeel van elke lid op 'n "Aandele-spaarrekening" gehou word totdat dit R500 beloop waarna daar elke keer vyf aandele uitgereik sal word tesame met die nodige aandelesertifikaat. Lede wat verkies om aandele op 'n eenmalige basis op te neem word ook verwelkom.

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186



Volgens die persoon wat die lede gekontak het vir die opneming van aandele was dit 'n aangename ervaring weens die vriendelike en positiewe gesprekke wat plaasgevind het. 'n Aandeelhouer in Port Elizabeth het dadelik haar R100 per maand bydrae gereël; sy is 92 jaar oud en sê dat Oranjekas vir haar na aan die hart lê. 'n Egpaar in hulle laat tagtiger jare het by die kantoor opgedaag en gou elkeen vyf aandele gekoop voordat hulle vir ses weke met vakansie na Botswana sou vertrek.

Aandelekapitaal het na Februarie 2017 met ongeveer 10% gedaal weens 'n groot aandeelhouer wat sy aandele verminder het, asook die afsterwe van twee aandeelhouers wat heelwat aandele besit het. Daar word vertrou dat die spesiale beroep op lede om hulle aandeelhouding te verhoog suksesvol sal wees.

Besoeke ontvang

Oranjekas het die afgelope jaar belangrike besoeke gehad. In November 2016 het die CBDA (Co-operative Bank Development Agency) 'n weeklange besoek gebring waar 'n oudit oor die doeltreffendheid van Oranjekas gedoen is. Oranjekas het van die hoogste beoordelingspunte in die land ontvang.

Daar was vroeër vanjaar 'n besoek aan Oranjekas deur die koöperatiewe bankwese uit Malawi. Saam met die bankamptenare was daar ook van hulle betrokke staatamptenare. Hulle het na 'n voorlegging kom luister oor hoe om 'n koöperatiewe bank suksesvol te bedryf vanuit Oranjekas se ervaringveld. 'n Spesiale brief van waardering is van hulle ontvang.

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186

Op 4 Oktober vanjaar was daar ’n besoek van drie senior persone uit die buiteland wat by internasionale koöperatiewe bankwese betrokke is om Oranjekas se siening in ’n eweknie-beoordeling te verneem oor die koöperatiewe bankwese en -wetgewing in Suid-Afrika.

Een van die persone was die Adjunk Registrateur van Krediet Unies van die Central Bank of Ireland.

Banc Ceannais na hÉireann
Central Bank of Ireland
Eurosystem

Die tweede persoon was die Senior Bestuurder van die spesialiteitsafdeling van die “Australian Prudential Regulation Authority” van Australië wat waghou oor banke, kredietunies, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse.

Die derde persoon was vanaf Kenia; sy posisie is Hoofbestuurder, Spaar en Krediet Koöperasies van SACCO, die land se toesighoudende organisasie oor hulle koöperatiewe bankwese. Kenia is die land met die grootste koöperatiewe banksektor in Afrika.

Lede se behoeftes

Benewens gewone bankdienste is daar ook ander produkte wat besonder gewild is onder Oranjekas se lede. Enkele van die produkte is die Studielenings, Kitslenings en Slimspaar. Daar is onlangs twee nuwe produkte ingestel.

Kredietkaart : Tydens die bemarking van Oranjekas se debietkaart het verskeie lede aangedui dat hulle eerder ’n behoefte het aan ’n kredietkaart wat dus ’n oortrokke fasiliteit moet bied. Oranjekas het ’n produk ontwerp wat aan sodanige behoeftes voldoen teen ’n mededingende rentekoers. Die kaart word nou aan lede beskikbaar gestel, onderhewig aan sekere voorwaardes.

Bedryfslening : Lede wat besighede bedryf het soms ’n behoefte aan ’n leningsrekening waaruit bedryfskapitaal onttrek kan word om dit na ’n lopende rekening oor te plaas. Wanneer redelike bedrae inkom word die leningsbedrag daarmee verlaag en is fondse weer beskikbaar vir onttrekking. Die rekening bly dus steeds beskikbaar volgens die besigheid se behoeftes.

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186

Groei in ledetal

Oranjekas kry gereeld nuwe lede by. Dit is verblydend dat al hoe meer jonger persone ook by Oranjekas aansluit. Die ledetal het in September deur die duisendtalperk gebreek!



Lede bepaal die sukses

Oranjekas se sukses word deur sy lede bepaal, daarom word positiewe krediet ten alle tye verwelkom. Die bestuur en personeel streef daarna om die bankdienste steeds te verbeter en gebruik daarom die spreekwoord: “Dieselfde foute mag nie herhaal word nie”.

Langs hierdie weg wil Oranjekas se direksie, bestuur en personeel hulle dank en waardering uitspreek teenoor die koöperasie se aandeelhouers vir die ondersteuning in die bereiking van die ideale om Oranjekas die voorste koöperatiewe bank in die land te maak.

☎ 012 754 5454 kontak@oranjekas.co.za Collinslaan 1241, Môregloed 0186